

# STELLENBERG

GEMEENTE

*Oor grense heen*



*Welkom!*

Leef saam met ons:



**Nader aan God**



**Nader aan mekaar**



**Om ‘n verskil in die wêreld te maak**



**Om voortdurend te vernuwe**

# Gemeentebelydenis

Stellenberg-gemeente is 'n gemeenskap van mense wat streef om nader aan God en aan mekaar te leef, uit te reik oor alle grense heen en voortdurend te vernuwe.

**Ons glo Jesus, ons Verlosser, leef . . .**

- In die enigste God: Vader, Seun en Heilige Gees.
- In Christus, wat deur die geloof en in genade ons Verlosser is.
- In die Bybel: die Woord van God in mensetaal.
- In die algemene kerk van Christus waarvan ons deel is en spesifiek deel van kerke wie se geloof verwoord word in die Drie Formuliere van Eenheid en in die Belydenis van Belhar.

**Ons streef om met die liefde van Christus, inklusief, uit te reik oor grense heen . . .**

- Na mekaar in ons geloofsgemeenskap, ongeag ons verskille.
- Na die mense in ons werkplek, buurt en breër gemeenskap.
- Na alle mense in ons land, asook wêreldwyd.
- Na Moeder Aarde en alle vorme van lewe.

**Ons leef as getuies en volgelinge van Christus . . .**

- Nader aan God.
- Nader aan mekaar.
- Om 'n verskil in die wêreld te maak.
- Om voortdurend te vernuwe.

## EREDIENSTE

## OGGENDDIENS 09:00 KERKGEBOU

Die oggenddiens in die kerk het 'n klassieke aanbiddingstyl en die Coram Deo-musiekgroep behartig die begeleiding van sang en lofprysing.




## AANDDIENS 18:00 KERKGEBOU

Die aanddiens het 'n kontemporêre aanbiddingstyl en is gerig op tieners, jongmense en almal jonk van gees.




## KLEUTERKERK 09:00 GROOTSAAL

Bybelverhale word by die kleuterkerk op kreatiewe en informele wyse met kleuters van drie tot vyf jaar oud gedeel.

## FAMILIEDIENS 09:00 KLEINSAAL

Die familiediens het 'n meer informele aanbiddingstyl en is ingestel op ouers met laerskool- en voorskoolse kinders.



## MEDITATIEWE DIENS 09:00 KAPEL

Die meditatiewe diens het 'n gewyde aanbiddingstyl met geleentheid vir gebed en oordenking.



## BLOKDIENSTE 09:00 GROOTSAAL

Blokdienste word vir lidmate wat in dieselfde geografiese area woon, aangebied.

# *Begin hier*

## Geleenthede vir meelewing

Jou hele lewe is 'n reis saam met God.

Op hierdie lewenspad vorm God jou op verskeie maniere in verskillende fases van jou lewe. Ons nooi jou uit om met God in jou lewe deel te wees van Stellenberg-gemeente.

Hierdie brosjure bied 'n kort oorsig van die gemeente se aktiwiteite en bedieninge, wat vir jou verskillende maniere bied waarop jou geloof gevorm kan word en jy 'n verskil in die wêreld kan maak.

Indien jy betrokke wil raak by enige van ons bedieninge, kontak assblief die kerkkantoor.


As jy nuut is, of meer inligting oor ons gemeente verlang, besoek www.stellenberg.co.za.

# Formasiereis



## IS JY NUUT ?

Volg QR-kode vir meer inligting



# Op ’n Sondag

## By eredienste

**Erediensweerkers**
Spanne erediensweerkers doen een maal per maand diens.  Hulle verwelkom kerkgangers, neem kollekte op en bedien nagmaal.



**Musiekbediening**
Indien jy passievol is oor musiek, ’n instrument kan bespeel of aan voorsang wil deelneem, oorweeg dit om by ons musiekbediening aan te sluit.



**Na eredienste:**

## Kuier in die teetuin en kafeteria

Die teetuin en kafeteria bied op Sondagoggende 'n gesellige ruimte vir saamkuier. Teeskinkspanne bedien een keer in ses weke vanaf 10:00 tot 10:45 gratis tee in die teetuin.









## Kleingroepleiers vir kategese

Laerskool-kategese na oggenddienste tot 10:45
Hoërskool-kategese
na aanddiens tot 19:30
Word deel van die kleingroepmentorspan!
Registreer jou kind aanlyn vir kategese by stellenberg.co.za/jeug of sunet@stellenberg.co.za.

**Annibrand-Jeugbediening**
Ons jeugbediening staan bekend as Annibrand Junior en Senior. Deur middel van die kategesebediening begelei ons kinders, tieners, studente en gesinne op hul onderskeie geloofsreise.

Word deel van die kleingroepmentorspan, bied jou hulp by kampe en uitreike aan, of word deel van ons studentebediening. Kontak die Jeugkantoor by sunet@stellenberg.co.za.

**Media en Kommunikasie**
Maak seker jy ontvang die Stellenberg-weekliks per e-pos en sluit aan by ons verskillende WhatsApp-groepe om op hoogte van alle gemeenteaktiwiteite te bly. Stuur 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za. Enige iemand is welkom om 'n bydrae vir die Stellenberg-weekliks te stuur.

**Kleingroepe**
Daar is verkeie geleenthede vir geloofsvorming en groei. Bybelskoolkursusse word kwartaalliks aangebied, of skakel in by enige van die gebeds- en Bybelstudiegroepe beskikbaar – ook vir jongmense. Kontak die kerkkantoor vir meer besonderhede oor dié groepe. Daaglikse dagstukke met 'n geestelike inslag, opgeneem deur ons leraars, is op ons webwerf of 'n WhatsApp-groep beskikbaar.







**Getuienis**
Naastediens (Oor grense heen)
Getrou aan ons leuse fokus ons naastediensbediening daarop om oor alle grense heen praktiese hulp en dienste aan persone in nood te verleen.

Missionale kerkwees sluit aan by ons gemeentevisie en word gemotiveer deur Jesus se groot opdrag aan sy dissipels en kerk van alle tye. Vir meer besonderhede oor getuienisprojekte kontak ds. René Potgieter.

**Kerkraad**
Die kerkraad bestaan uit gemeenteleraars asook ouderlinge en diakens wat vir 'n termyn van drie jaar verkies word. Die kerkraad is saam met geestelike leierskap vir die visionering, beleidvorming en strategiese denke van die gemeente verantwoordelik.
Die kerkraad maak erns daarmee dat die Christelike leer en lewenswandel in die gemeente uitgeleef word.

**Seniors**
Alle senior lidmate word uitgenooi om by die VatVyfgroep in te skakel. Die groep het 'n sosiale inslag en bied interessante byeenkomste en uitstappies aan. Lidmate wat in Edelweiss Dienssentrum woon, word deur 'n deeltydse leraar van die gemeente bedien. Seniors wat in hulle huise woon word deur gemeenteleraars bedien.

**Stellenberg Terapiesentrum**
Die sentrum bied die volgende dienste aan:
Arbeidsterapie • Spraakterapie • Maatskaplike werk • Kliniese sielkunde • Lewens- en besigheidsafrigting.
Kontak therapy@stellenberg.co.za / 021 976 4519 met navrae.

**Gemeentefunksies**

- Die gemeentebraai word elke eerste Vrydag van die maand in die markplein aangebied.
- Die basaar word in Maart aangebied en is ’n heerlike saamkuiergeleentheid.
- Die kontreikuier in die derde kwartaal skep ’n fondsinsamelingsgeleentheid vir ’n plattelandse gemeente.
- Die feesmark in Oktober bied aan 350 uitstallers geleentheid om handware of gebak te verkoop. ’n Restaurant bied ook ’n groot verskeidenheid etes.















LEEU-GAMKA











## SLUIT NOU AAN BY STELLENBERG

**PLAAS JOU LIDMAATSKAP OOR**

Dit word elektronies by jou vorige gemeente aangevra. Stuur slegs 'n e-pos na anneke@stellenberg.co.za waarin jy versoek dat jou lidmaatskap oorgeplaas word.

**IS JY NUUT?**

- **Nuwelidmaatvorm**
- **Kategese registrasie**

**DOOPINLIGTING**

- **Doopvorm**

**Ontvang die gemeente se weeklikse kommunikasie**

Stuur 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za om weekliks die Stellenberg-weekliks te ontvang. Jy kan dit per e-pos of WhatsApp ontvang.

**Wie is jou predikant?**

Die gemeente se bedieningarea word geografies in 14 blokke verdeel. Kontak gerus die kerkkantoor by anneke@stellenberg.co.za om te hoor wie jou wykspredikant is.



**DS. MARIUS BREYTENBACH**



**DS. RENÉ POTGIETER**



**DS. MARIUS SCHOOMBIE**



**DS. JOHAN VISSER**



**DS. PHILIPP DIETMANN**



**DR. KOBUS DE JAGER (Edelweiss)**



**BRENDA VISSER**

**Leef met ons mee deur jou finansiële bydrae**
Ons glo dat alles wat ons besit 'n gawe is wat ons uit God se hand ontvang en daarom dra ons graag uit dankbaarheid by tot die werk wat in sy Naam gedoen word.

Ons inkomste bestaan uit die volgende:

- Maandelikse dankoffers.
- Tiendemaandinsameling – vanaf Oktobermaand gee ons uit dankbaarheid 'n bykomende bydrae.
- Sondagkollektes asook bankkollektes is vir die gemeentekas en deurkollektes vir buite-instansies.

**Hoe kan jy bydra?**
Elektroniese oorbetaling:

ABSA-tjekrekening
145 058 0011
takkode 632005.

Debietordervorms: Beskikbaar op www.stellenberg.co.za.
Ander bydraes kan gemaak word deur kontant, EFT of Snapscan.

**Ondersteun finansieel**

**Stellenberg-gemeente WhatsApp-gemeenskap**

# KONTAK ONS

**Leraars**

**Ds. Marius Breytenbach**
082 376 6053 | marius@stellenberg.co.za

**Ds. René Potgieter**
079 893 8104 | rene@stellenberg.co.za

**Ds. Johan Visser**
072 603 3205 | johan@stellenberg.co.za

**Ds. Marius Schoombie**
083 635 1523 | schoombie@stellenberg.co.za

**Deeltydse Leraars**

**Ds. Philipp Dietmann**
084 354 0729 | pdietmann@gmail.com

**Leraar vir Edelweiss - Dr. Kobus de Jager**
083 230 7124 | kobusdejager119@gmail.com

**Kinderwerker**

**Brenda Visser**
021 976 4519 | brenda@stellenberg.co.za

**Kerkkantoor** 08:00 tot 14:00
021 9764519 | navrae@stellenberg.co.za
081 0452 428 (Slegs vir WhatsApp-boodskappe)
h.v. Mountain Viewrylaan en Edelweissweg, Eversdal

**Jeugkantoor**
021 976 4519 | sunet@stellenberg.co.za

**Feesmarkkantoor**
082 827 9389 | feesmark@stellenberg.co.za

**Stellenberg Terapiesentrum**
021 976 4519 | therapy@stellenberg.co.za



# STELLENBERG

GEMEENTE

*Oor grense heen*

